A 5.5 ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE (ATP)

INLEIDING

Die ASM het in Maart 2012 die wyse besluit geneem om alle aangeleenthede wat predikante, proponente en emeriti raak, saam te groepeer onder een Taakspan. Tydens die Algemene Sinode vergadering van Oktober 2013 word die nuwe bedeling aanvaar naamlik die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP). Dit het meegebring dat alle sake wat betref beleid, begeleiding, advies en bevoegdheid van gelegitimeerdes nie meer fragmentaries hanteer word nie, maar deur een span kundige lede van die Algemene Sinode wat nou op alle fasette van 'n gelegitimeerde se lewe omsien. Daardeur verseker die ATP dat daar kontinuïteit en konsekwentheid is in die opleiding, toekenning en behoud van bevoegdheid, asook bedieningsvreugde van alle gelegitimeerdes sodat die predikantekorps van die Ned Geref. Kerk optimaal benut en versorg kan word

Die vertrekpunt waaraan die Algemene Taakspan Predikantesake sy opdrag meet, vind sy oorsprong is drie konsentriese sirkels naamlik: die verlening van bevoegdheid; behoud van bevoegdheid en die verlies van bevoegdheid. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:



Verlening: nadat die onderskeie Kuratoria die kandidate akademies en bedieningsgereed verklaar het, het die ATP die voorreg om hierdie kandidate te legitimeer en bekend te stel aan die Kerk vir beroeping en diens in breëre verband. Die ATP hanteer ook die adviese rakende kandidate wat weer aansoek doen om hertoelating tot die bediening en gee advies ten opsigte van die aflê van colloquium doctum.

Behoud: ten opsigte van die behoud van bevoegdheid gee die ATP leiding en advies aan sinodes om die A-Z Beleid vir Predikante op die mees praktiese wyse uit te voer. Dit hou in dat predikante versorg word op alle fasette van die bediening. Hier word aandag gegee aan predikante begeleiding; standplaasverwisseling; verdere bedieningsontwikkeling; die finansiële versorging van predikante (onder andere die riglyne aan sinode vir die jaarlikse vergoedingspakkette).

Verlies: wanneer gelegitimeerdes op een of ander wyse hul bevoegdheid verloor, hanteer die ATP die administrasie en liassering daarvan. Dit vind plaas wanneer 'n gelegitimeerde uit die bediening bedank of wanneer daar 'n aanbeveling deur 'n Ring gemaak word vir die verlies van bevoegdheid na tugondersoek.

Befondsing: Die ATP word op twee wyses befonds naamlik:

- Befondsing deur die Algemene Sinode. Die sake wat verband hou met die advies en leiding ten opsigte van uitvoering van die A-Z beleid deur sinodes soos byvoorbeeld predikante begeleiding, VBO, standplaasverwisseling en die administrasie van die ATP word deur die Algemene Sinode befonds en geen registrasiefooie word daarvoor aangewend nie.
- Die jaarlikse registrasiefooi wat alle gelegitimeerdes moet betaal. Al die sake wat verband hou met bevoegdheid – te wete die legitimasie, bestuur en administrasie en advies rakende bevoegdheidsaangeleenthede en sekere uitgawes verbonde aan die VBO word deur die jaarlikse registrasiefooie befonds.

1. PERSONEEL

Primarii: Drr Dewyk Ungerer, Gerhard Botha, Roelf Opperman, Tertius Erasmus, di Elize Klut, Charl Stander, Theunis Botha en twee regskundiges: Fanie Visser (advokaat) en Len Dekker (prokureur);

2. BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE:

2.1 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2015

BEDIENINGSBEOORDELINGSISTEEM (A.16.3 bl 357 pt 4.3.2) – **goedgekeur:**
Die Algemene Sinode:
4.3.2.1 neem kennis van die konsepmodel wat ontwikkel is om kerklike vergaderings te help om bedienaars van die Woord se bediening en amptenare se werk te evalueer en te ondersteun.
4.3.2.2 moedig kerklike vergaderings aan om die konsepmodel te gebruik en kommentaar aan die ASP deur te stuur nie later as 31 Maart 2016 nie.

2.1.1 AANBEVELINGS
Die Algemene Sinode:
2.1.1.1neem kennis van die konsepmodel wat reeds in 2015 aanvaar is
2.1.1.2 neem kennis dat geen verdere kommentaar ontvang is nie
2.1.1.3 moedige kerklike vergaderings aan om die model te gebruik

2.2 ATP-HANDLEIDING

ASP-HANDLEIDING (A.16.3 bl 357 pt 4.4.2) – **goedgekeur:**
Die Algemene Sinode:
4.4.2.1 neem kennis van die ASP-Handleiding wat ontwikkel is;
4.4.2.2 moedig kerklike vergaderinge aan om van die Handleiding gebruik te maak;
4.4.2.3 versoek kerklike vergaderinge om enige verdere kommentaar aan die ASP deur te stuur teen 31 Maart 2016 met die oog op die opgradering van die Handleiding.

2.2.1 AANBEVELINGS
Die Algemene Sinode:
2.2.1.1neem kennis dat die handleiding na die vergadering hersien sal word
2.2.1.2 versoek kerklike vergaderinge om kommentaar aan die ATP deur te stuur

2.3 GEDRAGSKODE

GEDRAGSKODE (A.16.3 bl 360 pt 5.3, A.16.3 (Aanvullende Agenda) bl 77 pt 5.3, T.16.3.2 bl 1 pt 3.1) – **goedgekeur:**
Die Algemene Sinode
3.1.1 moedig kerkrade aan om die voorgestelde gedragskode waarvan die Sinode kennis geneem
het, as werksdokument te gebruik in die hantering van die versorging en begeleiding van predikante;
3.1.2 versoek ringe om hiermee behulpsaam te wees; en
3.1.3 versoek kommentaar en terugvoering aan die ASP oor die inhoud en bruikbaarheid van die voorgestelde gedragskode.

2.3.1 AANBEVELINGS
Die Algemene Sinode:
2.3.1.1 neem kennis dat geen verdere kommentaar ontvang is nie
2.3.1.2 aanvaar die Gedragskode vir predikante in die Ned Geref Kerk
2.3.1.3 versoek die ATR om die Gedragkode (Bylaag 1) in die Kerkordeboek op te neem

2.4 Prosesvoorstel ten opsigte van Beskrywingspunt van Noord-Kaap (2015)

VOORSTEL: PROSESVOORSTEL TOV B.1 (GJ Duursema/CHJ van Schalkwyk) – **goedgekeur:**
1. Die Algemene Sinode aanvaar die beginsels vervat in A.15 Moderamen Bylae 3 (bl 325 – 331).
Die beskrywingspunt van Noord-Kaapland (B.1. Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) is daarin volledig hanteer en afgehandel.
2. Moderamen Bylae 3 word na die ASR verwys om aan die hand van die beginsels daarin vervat Reglement 11 te wysig

2.4.1 AANBEVELINGS
Die Algemene Sinode:
2.4.1.1 neem kennis van die opdrag hanteer word onder punt 3.5 van hierdie verslag

2.5 BENOEMING VAN DIE AMPTENAAR

Dr Dewyk Ungerer is benoem as Bestuurder: ASP met ingang vanaf 1 Maart 2012. Die pos is tot en met die Sinode sitting in Oktober 2013 op 'n 50% basis gevul en die 50% dienste is by die Ned Geref. Gemeente Raslouw uitgekoop. Sedert die vorige sinode sitting (Oktober 2013) is die Algemene Taakspan Predikantesake versoek om die pos nie verder met 'n 50% inkoop van tyd te vul nie, in die lig van die herstrukturering en die vul van die Algemene Sekretaris se pos aan die einde van 2015.

Hierdie versoek het veroorsaak dat daar slegs 10% tyd ingekoop is van dr Dewyk Ungerer (bestuurder) om die basiese administratiewe werksaamhede in stand te hou.

Die ATP is tans in gesprekmet die Bedryfspan in oorleg met die Moderatuur om die pos weer te vergroot aangesien daar nie nou genoegsame kapasiteit van die bestuurder ingekoop word nie.

2.5.1 AANBEVELINGS.
Die Algemene Sinode:
2.5.1.1 neem kennis van die huidige situasie in die ATP kantoor (10% inkoop van tyd).
2.5.1.2 gee opdrag aan die ATP om in oorleg met die Bedryfspan voort te gaan met die proses om die nodige uitbreiding te doen aan die hand van die kapasiteitsbehoeftes
2.5.1.3 gee opdrag om die proses af te handel met verslag aan die ASM.

2.6 DIE REGLEMENT VAN DIE ATP

Die ATP funksioneer volledig aan die hand van Reglement 8 soos goedgekeur deur die Algemene Sinode in 2015 en soos die samestelling in 2015 verander is.

3. WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE (ATP)

3.1 SAKE WAT DEUR DIE ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE HANTEER WORD

Die primêre verantwoordelikhede van die ATP word hier onder gelys. Vir die volledige beskrywing van die verantwoordelikhede word verwys na:
Reglement 8: ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE (2015)
BESTUURSHANDLEIDING VIR DIENSVERHOUDINGE (2010)
HANDLEIDING VAN DIE ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (2013)

3.1.1 INWIN VAN BIOGRAFIESE DATA EN DIE FINALISERING VAN DIE DATABASIS
Die Kantoor het met behulp van die onderskeie sinodes asook die gegewens wat uit die Jaarboek verkry is, is databasis saamgestel van al die persone wat deur die Ned Geref Kerk gelegitimeer is. Hierdie databasis bevat onder meer die biografiese gegewens van (getalle tussen hakies):

- Predikante met volle ampsbevoegdheid (1 730)
- Proponente (302)
- Emeriti (1 251)
- Uitgetrede persone sonder bevoegdheid (870)

Die Kantoor het op 1 Maart 2012 begin om aan elke gelegitimeerde sy/haar eie biografiese data blad te stuur sodat persone wat oor bevoegdheid beskik jaarliks by die ATP kan registreer. Begin April 2013 het elke geregistreerde persoon ook 'n rekeningstaat ontvang vir die betaling van die jaarlikse betaling van registrasiefooie. Sedert die begin van 2015 is die sisteem ook so opgegradeer dat gelegitimeerdes self op die datablad veranderinge kan doen en dit terugstuur aan die kantoor van die ATP.

3.1.1.1 AANBEVELINGS
Die Algemene Sinode:
3.1.1.1.1 neem kennis van 3.1.1
3.1.1.1.2 neem kennis van die geïntegreerde databasis wat voltooi is en in werking gestel is
3.1.1.1.3 spreek sy dank uit teenoor mnr. Rossouw Minnaar wat die program kosteloos vir die NG Kerk ontwikkel het

3.1.2 HANTERING VAN BEVOEGDHEIDSAANSOEKE

Die ATP het ook 'n aantal aansoeke hanteer waar persone aansoek gedoen het om behoud van bevoegdheid aan die hand van die proses soos beskryf in Artikel 11 van die Kerkorde. Meer as drie honderd bevoegdheidsnavrae (van sinodale kommissies/diensrade, ringe, predikante en kerkrade) is in hierdie periode hanteer. Dit sluit in: advies ten opsigte van aansoeke vir die hertoelating tot die bediening; die behoud van en verlies van bevoegdheid (na bedanking of tugmaatreëls) asook diensverhoudings en arbeidsregtelike navrae.

Lede van die ATP het ook in November 2016, 2017 en 2018 die legitimasie hanteer op aanbeveling van die kuratoria van die Teologiese Fakulteite aan die Universiteite van Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch. In die verslag periode is daar ook by drie ander geleenthede die legitimasie van aanbevole kandidate vanaf die Kuratorium hanteer.

3.1.2.1 AANBEVELINGS
Die Algemene Sinode:
3.1.1.1.1neem kennis van 3.1.2

3.1.3 PREDIKANTEBEGELEIDING

Die ASP het in hierdie periode leiding aan sinodes gegee ten opsigte van predikantebegeleiding. Daar is ook twee werkswinkels aangebied met al die sinodale verteenwoordigers wat vir predikante begeleiding in hulle streke verantwoordelik is. Tydens hierdie geleenthede het die verteenwoordigers gedeel wat in hulle streke aan die gang is en so by mekaar geleer.

Die A-Z is ook op die Algemene Sinode se webblad beskikbaar. (http://www.ngkerk.org.za)

3.1.3.1 AANBEVELINGS.
Die Algemene Sinode:
3.1.3.1.1 wil weer die A-Z handleiding onder kerklike vergaderings se aandag bring om te gebruik ten opsigte van versorging van predikante
3.1.3.1.2 sinodale verteenwoordigers op die ATP word versoek om die A-Z Handleiding weer onder kerkrade/ringe se aandag te bring

3.2 Statutêre registrasie as pastorale versorgers (Bylaag 2)

Besluit van die Algemene Sinode 2015

STATUTÊRE REGISTRASIE (A.16.3 bl 357 pt 4.2.2) – **goedgekeur:**

Die Algemene Sinode neem kennis van die onderhandelinge wat steeds in proses is om bedienaars van die Woord statutêr as pastorale versorgers te laat registreer.

Tydens die Algemene Sinode van 2015 het die Sinode kennis geneem van onderhandelinge om bedienaars van die Woord statutêr te registreer (A.16.3 bl 357 pt 4.2.2). Die proses verloop tans soos volg:

Die Association for Christian Religious Practitioners (ACRP) is teen die einde van 2017 formeel deur die SA Kwalifikasie-Owerheid (SAQA) kragtens die Nasionale Kwalifikasieraamwerkwet (Wet 67 van 2008) as professionele liggaam vir *godsdienspraktisyns* (predikante / pastors en ander bedieningsleiers) in die Christelike tradisie erken en geregistreer. Verteenwoordigers en strukture van die NG Kerk was op verskeie maniere betrokke by die proses wat hiertoe gelei het. Met die bereiking van hierdie punt het die tyd aangebreek dat die formele verhouding tussen die NG Kerk en ACRP finaal oorweeg en bevestig moet word.

Die volgende twee sake kan as motivering vir die saak dien:

1. Bedienaars van die Woord wat berading doen en lidmate pastoraal versorg, is daaraan blootgestel om in botsing te wees met regulering van die gesondheidsomgewing.
   Die vorming van 'n professionele liggaam vir predikante en ander bedieningsleiers skep 'n nuwe, wetlik erkende platform om die onduidelikhede wat in die regulatoriese omgewing bestaan, finaal uit die weg te ruim, en om uiteindelik aan predikante wat by die professionele liggaam geaffilieer is, beskerming in hierdie verband te bied. Aktiewe deelname deur die NG Kerk aan die professionele liggaam sal grootliks bydra tot die suksesvolle verkryging van regsekerheid in hierdie verband. Deur die professionele liggaam het predikante ook reeds toegang tot professionele versekering teen eise wat met die uitvoering van beroepsverwante take verband hou. (Paragraaf 3(b) in die aanhangsel is hier van toepassing.)

2. Deelname deur die NG Kerk aan die professionele liggaam bied kreatiewe nuwe geleenthede om die missionale visie van die Kerk effektief uit te leef. Die taak van die professionele liggaam sluit in om in samewerking met vennote 'n omvattende proses van leierskapontwikkeling en die implementering van goeie bedieningstandaarde en -praktyke oor kerkgrense heen in werking te stel. Hierdie proses fokus tot 'n groot mate op steun aan en ontwikkeling van leiers in die vinnig groeiende onafhanklike kerklike omgewing. Die netwerke wat deur ACRP tot stand gebring word, bied 'n unieke nuwe geleentheid vir sinodes, ringe en gemeentes tot diensbaarheid en missionale betrokkenheid in Suid-Afrikaanse gemeenskappe, met groot potensiaal vir die innerlike genesing van gemeenskappe en herstel van gebroke verhoudings in ons land. (Kyk Paragraaf 3(a) in die aanhangsel.)

3.2.1 AANBEVELINGS:
Die Algemene Sinode besluit
3.2.1.1 dat 'n formele *Memorandum van Verstandhouding (MvV)* tussen die NG Kerk en ACRP aangegaan sal word om 'n wedersydse verhouding te skep en te formaliseer met verslag aan die ASM.
3.2.1.2 om met dank kennis neem van die groot rol wat verteenwoordigers uit NG-geledere oor baie jare gespeel het om ACRP as wetlik-erkende professionele liggaam vir godsdienspraktisyns in Suid-Afrika tot stand te bring.
3.2.1.3 dat ondersoek ingestel word om predikante en ander bedieningsleiers van die NG Kerk via die Algemene Taakspan Predikantesake by ACRP geaffilieer word, en dat 'n bekostigbare affiliasie-tarief met ACRP onderhandel word met verslag aan die ASM

3.4 STANDPLAASVERWISSELING (BYLAAG 3)

Besluit van die Algemene Sinode 2015

STANDPLAASVERWISSELING (A.16.3 bl 358 pt 4.6.2) – **goedgekeur:**
Die Algemene Sinode:
4.6.2.1 neem met dank kennis van die riglyne oor standplaasverwisseling (Bylaag 2);
4.6.2.2 versoek sinodes om aktief mee te werk aan die bedieningsvernuwing en -vreugde van predikante deur middel van standplaasverwisseling;
4.6.2.3 herbevestig sy besluit dat daar met predikante wat langer as 10 jaar in een werkkring/gemeente 'n gesprek gevoer moet word ten opsigte van bedieningsvreugde/standplaasverwisseling.

Die ATP het veral na aanleiding van terugvoer via Predikantebegeleiding en Kerkspieël terdeë bewus geword van die groter behoefte aan mobiliteit in die Kerk as wat daar tans plaasvind. Die ATP is ook bewus dat daar bepaalde voordele vir beide predikante en gemeentes is in groter blootstelling van predikante aan meer gemeentes en dat daar met 'n nuwe beroep bepaalde nuwe energie in beide leraar en gemeente loskom.

Die ATP wil daarom graag meewerk dat daar groter mobiliteit in die breë kerk sal kom. Wanneer predikante en kerkrade meer openlik oor die stelsel van standplaasverwisseling is, sal die leraar sowel as die kerkraad daarby baat vind. Vir die gemeente kan dit 'n nuwe impetus bring en vir die leraar nuwe blootstelling en uitdagings bring sodat hy in sy persoon en bediening verder kan ontwikkel.

Die ATP wil poog om standplaasverwisseling meer deursigtig te maak en help om dit gekoördineerd met behulp van ringe en sinodes deur die hele land heen te bestuur. Derhalwe wil die ATP versoek dat die Algemene Sinode die nodige hulpbronne beskikbaar stel sodat die proses in werking gestel kan word.

Die TSP bring dit weer onder die aandag van predikante, gemeentes en ringe dat die ASM in 2014 die riglyne vir die proses van standplaasverwisseling onderskryf het. Hierdie riglyne bepaal dat waar 'n leraar langer as tien jaar in dieselfde gemeente is, daar 'n gesprek tussen leraar, kerkraad en ring gevoer moet word. Tydens hierdie gesprek moet daar onder andere geëvalueer word of die leraar nog steeds effektief en met bedieningsvreugde in sy/haar werkkring kan voortgaan of standplaasverwisseling oorweeg kan word.

Die volledige proses wat die hantering van standplaasverwisseling word uiteengesit in Bylaag 3 as riglyne

3.4.1 AANBEVELINGS: STANDPLAASVERWISSELING
Die Algemene Sinode:

- **3.4.1.1 Neem Bylaag 3 in bespreking en neem die nodige besluite**
- **3.4.1.2 Ondersteun opnuut die opsie van standplaasverwisseling ten einde mobiliteit van predikante te verseker**
- **3.4.1.3 Onderstreep die dringendheid van gesprekke met predikante langer as 10 jaar in een werkkring/gemeente vir evaluering en assessering. Kerkrade en Ringe word hiertoe opgeroep**
- **3.4.1.4 Versoek sinodes om aktief mee te werk aan die bedieningsvernuwing en –vreugde van predikante**
- **3.4.1.5 Sinodale verteenwoordigers op die Algemene Taakspan Predikantesake word versoek om gesprekke rakende standplaasverwisseling te bevorder en te fasiliteer.**

3.5 JAARLIKSE REGISTRASIEFOOI

Met die totstandkoming van die ATP (Toe ABR) in Maart 2012 het die ASM die jaarlikse registrasie-fooi bepaal vir alle gelegitimeerdes. Jaarliks word die registrasiefooie deur die Bedryfspan hersien. Met die suiwering van die verantwoordelikhede van die ATP tussen suiwer bevoegdheidsaangeleenthede en predikante begeleiding asook die afskaling van die Bestuurder se pos (50%) was dit nog nie nodig om die fooie te verhoog nie. Dit mag wel in die toekoms aangepas word.

Die ATP uitgawes word hanteer binne die Algemene Sinode se goedgekeurde begroting van fondse. Die ATP se inkomste om hierdie begroting te dek, is afkomstig van die registrasiefooie en fondse van die Algemene Sinode.

Die afgelope drie jaar het 80% van alle gelegitimeerdes hulle verantwoordelikheid nagekom deur betyds aan te meld en hulle registrasiefooie oor te betaal. Daar is sinodes wat gehelp het om hierdie fooie in te samel en oor te betaal. Daar is egter nog predikante wat nie jaarliks aanmeld asook hulle registrasiefooie oorbetaal nie en sommiges is reeds vir meer jare agterstallig.

3.5.1 AANBEVELINGS:
Die Algemene Sinode

3.5.1.1 spreek sy dank uit teenoor predikante wat getrou jaarliks aanmeld asook die verlangde registrasiefooie oorbetaal
3.5.1.2 spreek sy dank uit teenoor sinodes wat behulpsaam is met die jaarlikse opdatering van predikante se data asook die insameling en betaling van die registrasiefooie
3.5.1.3 bevestig sy besluit van 2011 naamlik: "dat alle proponente, bedienaars van die Woord in diens van gemeentes en die kerkverband, ander persone met bevoegdheid van bedienaar van die Woord en emeriti by die ABR (nou ATP) registreer 'n dat 'n jaarlikse registrasiefooi betaal word"
3.5.1.4 spreek hom uit oor gelegitimeerdes wat nie uitvoering gee aan algemeen sinodale besluite ten opsigte van jaarlikse aanmeldings en oorbetaling van jaarlikse registrasiegeld nie

3.6 WYSIGING VAN REGLEMENT 11

3.6.1 Prosesvoorstel ten opsigte van Beskrywingspunt van Noord-Kaap

Die Algemene Sinode het in 2015 die volgende opdrag gegee:

VOORSTEL: PROSESVOORSTEL TOV B.1 (GJ Duursema/CHJ van Schalkwyk) – **goedgekeur:**
1. Die Algemene Sinode aanvaar die beginsels vervat in A.15 Moderamen Bylae 3 (bl 325 – 331).
Die beskrywingspunt van Noord-Kaapland (B.1. Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) is daarin volledig hanteer en afgehandel.
2. Moderamen Bylae 3 word na die ASR verwys om aan die hand van die beginsels daarin vervat Reglement 11 te wysig voor voorlegging aan die volgende vergadering. Dit geskied in oorleg met ASP

Die eerste reaksie hierop was 'n besoek wat aan die Sinode van Noord-Kaap gebring is om in gesprek te tree oor die saak. Oor die betaling van die jaarlikse registrasiefooi het die ATR ook 'n interpretasie aan die ASM gegee wat bepaal dat die Reglement nie tydens 2015 se vergadering gewysig is nie, en dat dit steeds die geldige besluit is.

Die ATP oordeel dat die Algemene Sinode steeds die toekenning van bevoegdheid (legitimasie) moet hanteer (vergelyk Artikel 7. Kerkorde 2015). Verder wil die ATP verwys na punt 3.2 hierbo insake die statutêre registrasie van predikante. In die lig van wat deur die staat ondersoek word oor kerklike leiers en kerke oordeel die ATP om soos tans leiding te neem oor die registrasie van predikante. Daarom oordeel die ATP dat daar jaarliks wel 'n registrasiefooi gehef moet word.

Verder oordeel die ATP dat predikante wat jaarliks registreer ook by die ACRP via die ATP/ABR registreer. Deel van die huidige ABR registrasiefooie word dan gebruik om die ACRP affiliasiefooie te betaal

3.6.1.1 AANBEVELINGS
Die Algemene Sinode besluit
3.6.1.1.1 dat die beginsels in die Beskrywingspunt, nie ondersteun kan word nie
3.6.1.1.2 aan die hand van Reglement 19. 2.2.2 hiermee kennis gegee word dat die besluit van 2015 in revisie geneem word
3.6.1.1.2 dat Reglement 11 punt 13 nie gewysig word nie
3.6.1.1.3 gee opdrag aan die ATP om ondersoek in te stel na die moontlikheid om predikante by die ACRP te affilieer en van die huidige registrasiefooie daarvoor te gebruik

4 AFTREE OUDERDOM VAN PREDIKANTE

Die Algemene Sinode neem bylaag 5 in behandeling en neem die nodige besluite.

5.1 AANBEVELINGS:
Die Algemene Sinode
5.1.1 neem Bylaag 5 in behandeling
5.1.2 besluit dat die aftree-ouderdom van predikante van 65 na 68 jaar verhoog word.

5.1.3 besluit dat die aftree-ouderdom van 68 jaar slegs van toepassing is op diensooreenkomste wat ontstaan ná Oktober 2019.
5.1.4 besluit dat die aftree-ouderdom van bestaande diensooreenkomste slegs aangepas kan word op versoek van die werkgewer en met die sluit van 'n nuwe diensooreenkoms.
5.1.5 versoek die ATR om die toepaslike reglemente diensooreenkomstig te wysig

6. WYSIGINGS AAN REGLEMENT 11

In die lig van die saak wat onder punt 3.6 hanteer is, asook die voorstelle vanaf die Algemene Kuratorium word Reglement 11 soos-volg gewysig (bylaag 5)

6.1 AANBEVELINGS: WYSIG REGLEMENET 11
Die Algemene Sinode
6.1.1 neem die voorgestelde gewysigde Reglement 11 in bespreking
6.1.2 keur die gewysigde Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti goed vir opname in die Kerkorde.

6. SLOT

Hiermee die ATP se derde verslag na sy totstandkoming op 1 Maart 2012. In 'n kort tydjie het die ATP hard gewerk om 'n kantoor te vestig, strukture in plek te kry, inligting in te samel om die databasis op datum te bring en te hou, 'n goeie liasseerstelsel te skep en 'n klomp navrae te beantwoord.

Die ATP is steeds oortuig dat ons die taak wat aan ons opgedra is in die tyd tot ons beskikking na die beste van ons vermoë na behore uitgevoer het. Die ATP bevestig weer eens sy verbintenis om alleen tot diens van die korps gelegitimeerdes – van proponent tot emeritus – van die Ned. Geref. Kerk te wees. Ons wil graag predikante te help om elke dag in sy of haar werkkring bedieningsvreugde te beleef.

Die Algemene Sinode word die seën van die Here toegebid met sy vergadering asook die besluite wat geneem moet word.

R Opperman (Voorsitter)
L Ungerer (Bestuurder)